WEEK 50

14 Desember 2023

DRUIWE BEMARKINGSVERSLAG

Die eerste twee skepe waarop ons kon laai, die Cap Carmel en Kalahari Express, is nog op skedule om onderskeidelik 15 Desember en 17 Desember in Rotterdam te dok. As alles goed gaan behoort die meeste van die vrugte op die twee skepe die voor-Kersfees mark te haal. Onthou dat slegs ‘n gedeelte van die druiwe wat in week 48 gepak is, wel op die Cap Carmel kon kom om die week 51 mark te haal.

Die druiwe wat nie op bogenoemde skip kon wegkom nie, is op die Santa Teresa gelaai, wat eers na Kersfees sou arriveer. Die nuutste nuus is egter dat die Santa Teresa die 19de al gaan dok. Die houers behoort dus al vanaf Woensdag (20ste) beskikbaar te wees. Dit gee die kliënte darem twee dae om die produk geskuif te kry (optel by die hawe, vervoer na koelkamer, aflaai, kwaliteitskontrole, bestellings opmaak, uitlaai, vervoer na winkels, ens). Daar is dus ‘n klein kans dat van die druiwe tog wel betyds by die winkels kan uitkom.

Die hawe was gister toe weens te hoë windspoed. Dit het in die nag weer oopgemaak, maar hoë windspoed word voorspel vir later vanmiddag/vanaand. Twee bote waarop ons laai word hierdeur geraak: Die One Readiness vir Europa en die Kota Lekas vir die Ooste. Origens lyk die stand van sake in die hawe op die stadium goed. Die sewe hyskrane wat vanaf Los Angeles bestel is, is pas afgelewer en sal oor die volgende paar dae operasioneel gemaak word. Dit behoort die produktiwiteit ‘n hupstoot te gee. Dinge in Durban het egter nog nie veel verbeter nie en dit beinvloed ook die Kota Lekas se tydskedules.

Marktoestande bly op die stadium besonder goed. Die eerste paar weke na Nuwejaar sal egter bepalend wees. Dit is wanneer die eerste werklike volumes in die mark gaan arriveer. Die wisselkoers spring die laaste tyd redelik rond. Dit beinvloed uiteraard pryse aangesien ons hier en daar voorskotte inkry van kliënte en dit ruil teen beskikbare koerse vir uitbetaling as voorskotte aan die produsente.

Aangeheg is ‘n verslag van een van ons kliënte wat die huidige pak- en marktoestande baie goed uiteensit. Die belangrikste ding in die verslag is seker dat Peru vanjaar besonder vroeg is en huidig is hulle 42% op teenoor laasjaar. Die voorspelling is dat hulle teen einde Desember alreeds 80% klaar gepak sal wees. Alles gaan egter afhang hoe die El Nino verskynsel hulle verder gaan beinvloed. Tot op hede is daar redelik kommer oor die kwaliteit van hul aankomstes weens die hoër as normale reenval.

Ons herinner net weer daaraan dat hoë temperature en min reën voorspel word vir die tydperk wat voorlê. Augrabies is byvoorbeeld volgende week ‘n paar dae by 42/43 grade. Moet dus nie agter raak met die besproeiing, of water weerhou om druiwe ryp te druk nie. As daar skielik bietjie reën uitsak, of daar ‘n periode van hoë humuditeit is, kan dit baie nadelige gevolge inhou. Beurtkrag beinvloed wel die vermoë om by te bly met die besproeiing.

Sterkte met die res van die seisoen.

Groete.

Sapex Span